Maandbrief

Augustus 2009

Liewe gemeente

Het jy al gewonder waarom mense soos ek en jy nie altyd in die lewe vooruit kan gaan nie. Wel, is dit nie dalk dat ons lewensuitkyk te negatief is nie. Wanneer die koerant gelees word, word daar eers by die doodsberigte begin. Dit is tragies dat 'n leefwyse so negatief moes word. Hierdie manier van leef is om altyd die negatiewe eerste raak te sien.

Maar daar is goeie nuus. Daar is 'n beter manier. Maak jou probleme Christus s'n, hou op om jou probleme self te dra. Ons het nie nodig om alles te dra en aan te sukkel deur die lewe nie. Die wêreld wil hê dat jy so voort moet ploeter, want dit steel jou getuienis. Volgens Matteus 11:27- 30 bied Jesus jou 'n ruil transaksie van: gee My jou probleme en laste en ek gee jou hemelse vrede. Het jy mooi gelees. Jesus sê gee alles wat negatief en swaar is en Ek gee jou hemelse vrede en goedheid.

Wanneer hierdie ruil transaksie gebeur, gebeur daar 'n hartsverandering. Jou negatiewe uitkyk word 'n positiewe uitkyk. God gee jou 'n getuienis saam met oplossings vir jou probleme en laste. Moenie die duiwel 'n blyplek in jou lewe geen nie. Die duiwel leef vir christene wat negatief is en swartgalligheid in alles sien. Nee, staan op en sê: Ek is tot alles in staat deur Jesus se krag.

Weereens vir elkeen wat bydra, baie dankie. 'n Gelukkige gemeente is 'n betrokke gemeente. By voorbaat baie dankie.

Jesus se seën.

Leon

Waar bevind jy jouself vandag?

" It takes all the running you can do to keep in the same place. If you want to get somewhere else, you must run at least twice as fast as that." – The Queen of Hearts in Alice in Wonderland.

Dit laat mens nogal dink, of hoe? Waar is jy vandag in die verskillende areas van jou lewe?

Ons almal val in hierdie selfde strik en dit is dat ons gemaklik raak met waar ons is. Ons vrees om nuwe dinge in ons lewens te waag, want ons is bang vir wat ons dalk mag uitvind. Enige verandering in ons lewens hetsy hoe groot of hoe klein gaan 'n lewenslange impak op ons lewens maak. Daar is geen perke vir wat ek en jy instaat is om te kan bereik nie, want Paulus sê "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." – Fil 4:13.

Ek wil graag vir elkeen van julle uitdaag om na iets meer te streef, want God het soveel vir jou in stoor, maar jy moet daarna soek met jou hele hart. Om iets te ontvang en om op 'n plek te kom wat beter is as waar jy jou vandag bevind moet jy bereid wees om ekstra hard te werk.

Dit laat dink my aan die verhaal van Moses en Joshua wat ons lees in Eks 33. Toe God klaar met Moses van aangesig tot aangesig gepraat het, het en hy die tent verlaat. In my hart voel ek dit, dat die rede hoekom Joshua agter gebly het in die tent was nie omdat God nie al met hom gepraat het nie. Dit was omdat hy nie tevrede was met dit wat hy van die Here gehad het en ontvang nie, maar gesoek het na iets meer en dit het hom iets gekos. God het hom 'n magtige leier gemaak.

...

Baie mense is vergenoegd in hul verhouding met die Here terwyl God hul na 'n nuwe, beter en mooier plek toe wil neem. Dors na iets dieper in jou verhouding met die Here en Hy sal jou nie teleurstel nie.

"There are no shortcuts to anyplace worth going." – Beverly Sills

Quintin Wilcocks

Ek wil net weer al die ouers herinner dat die kinderkerk weer begin het en ons is opgewonde oor wat Jesus in elkeen se hartjie wil doen. Daarom, bring u kinders Sondae oggende en as daar ander maats is of bure se kinders, bring hulle ook saam. "God hou van kindertjies, Hy het hulle lief."

Beautiful pictures are developed
from negatives in a dark room!
So, if you see darkness in your life be sure
that a beautiful picture is being prepared.



Dagboek:

Augustus 2009

Sondag, 2 Augustus Nagmaal

WHEN THE WINDS BLOW ~

Years ago a farmer owned land along the Atlantic seacoast. He constantly advertised for hired hands. Most people were reluctant to work on farms along the Atlantic. They dreaded the awful storms that raged across the Atlantic, wreaking havoc on the buildings and crops. As the farmer interviewed applicants for the job, he received a steady stream of refusals.
Finally, a short, thin man, well past middle age, approached the farmer.
Are you a good farmhand?" the farmer asked him.
Well, I can sleep when the wind blows," answered the little man.
Although puzzled by this answer, the farmer, desperate for help, hired him. The little man worked well around the farm, busy from dawn to dusk, and the farmer felt satisfied with the man's work.
Then one night the wind howled loudly in from offshore. Jumping out of bed, the farmer grabbed a lantern and rushed next door to the hired hand's sleeping quarters. He shook the little man and yelled, "Get up! A storm is coming! Tie things down before they blow away!"

The little man rolled over in bed and said firmly, "No sir. I told you, I can sleep when the wind blows."
Enraged by the response, the farmer was tempted to fire him on the spot.
Instead, he hurried outside to prepare for the storm. To his amazement, he discovered that all of the haystacks had been covered with tarpaulins.
The cows were in the barn, the chickens were in the coops, and the doors were barred. The shutters were tightly secured. Everything was tied down. Nothing could blow away.

The farmer then understood what his hired hand meant, so he returned to his bed to also slept while the wind blew.

MORAL: When you're prepared, spiritually, mentally, and physically, you have nothing to fear. Can you sleep when the wind blows through your life?
The hired hand in the story was able to sleep because he had secured the farm against the storm.
We, as believers in Christ, secure ourselves against the storms of life by grounding ourselves in the Word of God. We don't need to understand, we just need to hold His hand to have peace in the midst of the storms.
I hope you sleep well!

Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844
072 782 7508
www.ags-ligenlewe.com
pastoorleon@telkomsa.net
Posbus 122, Brackenfell, 7561